Die Voortrekkers

Care for wild – Rhinos

Beste mede -Vories,

Ek vertel julle graag van die Renoster projek wat die VT doen in 2018 (2019 ens).
Ek is van Rietvallei kommando en drie (3) jaar terug het ek en my vriendin Elmariè van der Walt besluit dat ons in plaas van ‘n omgeeprojek per jaar te kies iets wou doen wat volhoubaar is vir twaalf (12) jaar. Elmariè het my die keuse gegee om te kies en vandat ek kan onthou was renosters vir my ‘n ongelooflike dier. Die massamoord wat huidiglik plaasvind is baie sleg.
Ons het toe begin rondbel om te hoor hoe en waar kan ons met agt (8) graad een (1) dogterjies betrokke raak. Ek wou eintlik net die berge in vlug… sonder hulle.

Ek noem reg van die begin af dat CFW nie ‘n plek is waar klein kindertjies toegelaat word om te werk nie. Eers van (sestien) 16 jaar af. Ons drawwertjies was dus nog nie daar nie. Dis eenvoudig te gevaarlik om met hierdie massiewe diere te werk vir klein kindertjies, vra my, ek is reeds op my eerste besoek aan die sentrum goed herinner aan die krag van hierdie diere en ek was dire (3) maande in ‘n rugstut…
Elmariè het op “Care for Wild” afgekom en dadelik met hulle begin kommunikeer. Petronel Nieuwhout is die eienaar van die besondere rehablitasie sentrum vir rensoterkalfies wie se ma’s brutal gestroop word in die Kruger. Soms oorleef die kalfies die stroping en dwaal dan paniekerig rond in die veld tot hulle vrek van honger en dors of opgevreet word deur roofdiere. Care for Wild is ‘n oragnisasie waarheen sommige van die kalfies wat gered is heen gestuur word per helikoper om versorg te word.

Die skille het van my oë afgeval toe ek die eerste keer CFW gaan besoek het en as vrywilliger gaan werk het saam met my heemraadslid…
Die verwoesting wat deur die mens, die kroon van God se skepping aangerig word is skrikwekkend… Hierdie mense onder leiding van hierdie pragtige klein vroutjie werk twaalf (24) uur per dag, drie honderd vyf en sestig (365) dae per jaar op gereedheidsbasis vir weeskalfies.

Elke kalfie wat daar aankom het ‘n baie traumatise storie en sommige van hulle is eenvoudig te laat gekry en gaan dan dood ten spyte van ongelooflike toegewyde mense.
In 2015 was daar gemiddeld per dag drie (3) renosters in die Kruger gestroop. Maar danksy geweldige harde werk van die antistropings eenheid van die Kruger onder leiding van oud generaal Johan Jooste is die getal stropings al af na omtrent 1.8 renosters per dag – wat steeds skrikwekkend is. Die stropers is die armste van die armste mense en word uitgebuit deur die baasbreine agter die skerms wat miljoene der miljoene rand maak.

Met elke volmaan en soos die volmaan net begin afgaan loop ek met ‘n reuse kol op my maag, want dit word nie verniet “blood moon” genoem in die Kruger nie. Die mense wat help met die bevegting van stropings werk soms agt en veertig (48) uur aaneen in lewensgevaarlike situasies.
Groot sterk mans breek uitmekaar agv die trauma en verwoesting wat hulle daagliks sien. Soms is die renosters nog nie eers dood as die veldwagters op hulle afkom nie en moes dan vir ure ondenkbare pyn verduur. En ‘n veldwagter/natuurbewaarder is presies dit wat die naam sê, ‘n wag van die veld en ‘n bewaarder van die natuur. Hierdie mense kom byna daagliks in oorlog situasies en daar word op daaglikse basis op hulle geskiet. Dis ‘n oorlog wat plaasvind waarvan ons hier in die Jakarandastad nie bewus is nie.

My lewe het verander die eerste dag toe ek ‘n twee (2) liter bottel melk vir ‘n renosterkalfie gee en ek hulle hoor huil vir kos en koestering. Het my al byna dood gehuil met my besoeke daar maar ek kom so verryk maar gewoonlik baie moeg en VOL “battle scars” by die huis aan.
Ons het terug gekom en probeer nou al vir twee (2) jaar om ‘n projek van die grond af te kry en mense te laat besef hoe nodig die bosadel en die mense wat hulle daagliks probeer beskerm ons het.
Na ‘n paar gesprekke aan die einde van 2017 met Danie Langner het hy my visie gesien en gevoel dis ‘n wonderlike projek om deur die VT aan te bied. Ons werk almal elke dag so hard en jaar rond in die dolle gejaag en daarom wil ons niemand verder oorlaai en toegooi met werk nie.

Ons het besluit om ‘n paar basiese dinge in plek te probeer kry wat bestuurbaar is. Die VT befonds vir ons gekleurde renosterspaarbussies wat uitgereik word met ‘n nommer teen ‘n naam vir al die kommando’s in Transvaal. Op die Vooriesaamtrek het genl Jooste vinnig kom gesels met die offisiere en ek het in tien (10) minute my belewenisse met die ander offisiere gedeel….
GROOOOOOOOT was my verrassing toe ek van agter die mikrofoon ‘n klomp mense sien trane afvee het… Die Vories het my weereens gewys wie en wat hierdie klomp mense is. Ek het net een honderd en dertig (130) blikkies saamgevat kamp toe en dit was binne ‘n paar ure opgeraap deur mense wat opgewonde en positief is om geld in te samel vir Care for Wild - Rhino’s.
Sodra die verskaffers vir ons die volgende klomp blikkies kan kry sal dit uitgaan na mense toe wat gevra het vir dit…. Op die oomblik word agt honderd (800) nuwe blikkies uitgereik en dis sonder die amper drie honderd (300) van Rietvallei kommando wat ons laasjaar reeds gebruik het.

Ek doen ‘n beroep op elkeen van julle om asseblief saam met my opgewonde te wees oor die projek en die positiewe manier waarop die mense eenvoudig net verskille opsy skuif en sê: “ons is bereid om te help”.

Ons droom is om @ die einde van 2018 deur middel van die projek ‘n R100 000-00 te kan oorhandig namens die Voortrekkers aan Care for wild. Wat ‘n voorreg om te kan help en om deel te wees van ‘n beweging wat graag wil help.

Ek het ook pragtige lisensieskyf plakkers met ons VT se eie klein Renostertjie op wat te koop is vir R20-00 per plakker. Ons VT renostertjie se naam is Rudo en hy het ‘n blou voortrekkerbaadjie vol kentekens aan.

Ek het solank vyf honderd (500) plakkers bestel en het ‘n borg gekry om die vyf honderd (500) te betaal.

Dit sal vir my ‘n voorreg wees om elkeen van julle te leer ken en julle hande te vat in hierdie projek en ‘n daadwerklike verskil te maak aan hierdie diere en die mense agter hulle.
Projek **“Renoster red is vet pret”** is JULLE en die kinders se projek en ek weet sommer dat julle saam met my opgewonde voel hieroor.

Ek hoor graag van julle!!!

Renostergroete

Carinda Habig
071 832 5541
carinda@rietvlei-akademie.co.za